



Finansiële **VERSLAG**

UNIVERSITEITSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID VIR FINANSIËLE VERSLAGDOENING	104
ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG AAN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	105
REKENINGKUNDIGE BELEID	108
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE	114
GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT	115
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	116
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN FONDSE	117
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE	118
AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE	119

Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir **FINANSIËLE VERSLAGDOENING**

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betroubaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële jaarstate is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch, insluitende die filiale, geassosieerde maatskappye en trusts wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, as lopende saak bedryf word, en die gekonsolideerde finansiële jaarstate is gevolglik op hierdie grondslag voorberei.

Die eksterne ouditeur is daarvoor verantwoordelik om op grond van sy audit 'n onafhanklike mening oor die redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek. Hy het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende die notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees, gehad.

Die Oudit- en Risikokomitee het bevestig dat daar voldoende interne finansiële beheerstelsels bestaan en dat daar gedurende die jaar geen wesentliche gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels was nie.

Die Raad is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële posisie, die resultate van bedrywighede, veranderinge in fondse en kontantvloei redelik weergee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide wat op *International Financial Reporting Standards* (IFRS) gegrond word.

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesentliche feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesentlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsy 108 tot 144 is deur die Raad goedgekeur en onderteken deur:

Mnr GM Steyn

Voorsitter van die Universiteitsraad

Prof L van Huyssteen

Bedryfshoof

Prof DP du Plessis

Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee

8 Mei 2017

Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die **UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE MENING

Ons het die gekonsolideerde finansiële state van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 108 tot 144, geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2016, en die gekonsolideerde inkomstestaat, state van omvattende inkomste, veranderinge in fondse en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende inligting.

Na ons mening is die gekonsolideerde finansiële state, in alle wesentliche opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch soos op 31 Desember 2016, en die gekonsolideerde finansiële prestasie en gekonsolideerde kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, wet nr. 101 van 1997.

GRONDSLAG VIR MENING

Ons het ons audit ooreenkomstig *International Standards on Auditing* ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaard word verder beskryf in die Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state-afdeling van ons verslag.

Ons is onafhanklik van die Universiteit in ooreenstemming met die *International Ethics Standards Board for Accountants' Code of Ethics for Professional Accountants* (IESBA kode) en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op audits in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die vereistes en die IESBA kode vervul.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

VERANTWOORDELIKHED VAN DIE RAAD

Die Raad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die Raad nodig ag vir die opstel van gekonsolideerde finansiële state wat vry is van wesentliche wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die gekonsolideerde finansiële state is die Raad daarvoor verantwoordelik om die Universiteit Stellenbosch se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik

aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die Raad beplan om die Universiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

LOUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHED VIR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde finansiële state as 'n geheel vry is van wesentliche wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesentliche wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesentlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde finansiële state geneem word sal beïnvloed.

'n Verdere beskrywing van ons verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state is ingesluit in die bylaag tot die auditverslag.

VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE JAARLIKSE PRESTASIEVERSLAG

INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lewer oor wesentliche bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag. Ons het prosedures uitgevoer om bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons prosedures spreek die gerapporteerde prestasie inligting aan, wat gebaseer moet wees op die goedgekeurde prestasie beplanningsdokumente van die Universiteit. Ons het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasie doelwitte in die beplanningsdokumente oorweeg nie. Ons prosedures het ook nie die openbaarmakings of stellings wat verband hou met beplande prestasie strategieë en inligting vir toekomstige periodes wat ingesluit mag wees in die gerapporteerde prestasie inligting gedek nie. Ons bevindinge dek dus nie hierdie aangeleenthede nie.

Ons het die betroubaarheid beoordeel van die gerapporteerde prestasie inligting vir die volgende geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag van die Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2016:

Doelwitte	Bladsy in die jaarverslag
Doelwit 1 – om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal	33
Doelwit 2 – om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars inskrywingsgetalle doelwit te behaal	33
Doelwit 3 – om die goedgekeurde gegradueerde sukseskoers doelwit te behaal	33
Doelwit 4 – om die goedgekeurde navorsingsuitsette per onderrig- en navorsingspersoneel doelwit te bereik	34

Ons het die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting beoordeel om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig is.

Ons het nie enige wesenlike bevindinge oor die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting om te rapporteer vir die volgende doelwitte nie:

- om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal;
- om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars doelwit te behaal;
- om die goedgekeurde gegradueerde sukseskoers doelwit te behaal; en
- om die goedgekeurde navorsingsuitsette per onderrig- en navorsingspersoneel doelwit te bereik.

BEHALING VAN BEPLANDE TEIKENS

Verwys na die jaarverslag op bladsye 33 en 34 vir inligting oor die behaling van beplande teikens vir die jaar.

VERSLAG OOR OUDIT VAN NAKOMING VAN WETGEWING

INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lewer oor wesenlike bevindinge oor die nakoming van die Universiteit met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing. Ons het prosedures uitgevoer ten einde bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons het nie enige gevalle van wesenlike nie-nakoming met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing, soos uiteengesit in die algemene kennisgewing uitgereik in terme van die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, geïdentifiseer nie.

ANDER INLIGTING

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in die jaarverslag anders

as die finansiële jaarstate en die Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening ingesluit in die finansiële jaarstate. Ander inligting sluit nie die gekonsolideerde finansiële state, ons ouditeursverslag daarvoor en die geselekteerde doelwitte ingesluit in die jaarverslag waarop ons spesifiek rapporteer in die ouditverslag in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde finansiële state en ons bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting en nakoming van wetgewing dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditopinie of enige vorm van gerusstelling daarvoor uit nie.

In verband met ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die gekonsolideerde finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het voor die datum van hierdie ouditverslag, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

INTERNE BEHEER

Ons het die relevante interne beheer in ag geneem tydens ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting en nakoming van wetgewing. Ons doelwit is egter nie om enige vorm van gerusstelling daarvoor uit te spreek nie. Ons het nie enige wesenlike gebreke in interne beheer geïdentifiseer wat ingesluit moet word in hierdie verslag nie.

ANDER VERSLAE

Ons vestig u aandag op die volgende aanstellings deur verskeie partye uitgevoer wat 'n impak het, of mag hê op die aangeleenthede wat in die Universiteit se finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting, nakoming tot relevante wetgewing en ander aangeleenthede gerapporteer word. Hierdie verslae vorm nie deel van ons mening oor die finansiële state of ons bevindinge op die gerapporteerde prestasie inligting of nakoming van wetgewing nie.

22 Ooreengekome prosedure verslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2016 deur ons uitgereik wat handel oor befondsing vanaf verskeie donateurs en Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befondsing. Hierdie verslae het periodes gedek wat strek van 1 Januarie 2013 tot 19 Augustus 2016.

17 Donateur befondsing ouditverslae en nie-oudit gerusstellingsverslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2016 deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Januarie 2014 tot 15 September 2016.

PricewaterhouseCoopers Geink.

PricewaterhouseCoopers Geink.
Direkteur: D Adriaans
Geregistreerde Ouditeur
Stellenbosch
31 Mei 2017

Bylaag – OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEDE VIR DIE OUDIT

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die oudit van die gekonsolideerde finansiële state en die prosedures wat uitgeoefen is op die gerapporteerde prestasie inligting vir geselekteerde doelwitte en die Universiteit se nakoming met die geselekteerde onderwerpe.

FINANSIËLE STATE

Tesame met ons verantwoordelikhede vir die oudit van die gekonsolideerde finansiële state soos omskryf in die ouditverslag, doen ons ook die volgende:

- identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Universiteit se interne beheer nie.
- evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die Raad gemaak is.
- kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die Raad se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan

oor die Universiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die gekonsolideerde finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die Universiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

- evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die gekonsolideerde finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die gekonsolideerde finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- verkry voldoende toepaslike ouditbewyse in verband met die finansiële inligting van die entiteite of besighedsaktiwiteite binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsoudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons ouditmening.

KOMMUNIKASIE MET DIEGENE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR BESTUUR

Ons kommunikeer met die Raad oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

Ons bevestig ook aan die Raad dat ons voldoen aan die relevante etiese vereistes wat verband hou met onafhanklikheid en kommunikeer alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelik geag kan word om 'n impak op ons onafhanklikheid te hê en waar van toepassing toepaslike maatreëls.

Rekenkundige BELEID

Die rekeningkundige beleide wat by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas word, word hieronder uiteengesit. Die beleide word konsekwent toegepas vir alle tydperke wat in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate gedek word.

I. VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch word in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards* (IFRS) opgestel. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word op die historiesekostegronslag opgestel, soos deur die herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop, skenkings en beleggingseiendom gewysig. Daar word by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS op 'n aantal kritieke rekeningkundige ramings gesteun. Die bestuur moet by die toepassing van die Universiteit se rekeningkundige beleide sy diskresie gebruik. Gevalle wat 'n hoë mate van diskresie verg, en gebiede wat beduidende veronderstellings en ramings vereis, word in aantekening I by die gekonsolideerde finansiële jaarstate bespreek.

STANDPUNTE, VERTOLKINGS EN WYSIGINGS VAN GEPUBLISEERDE STANDPUNTE WAT GEDURENDE DIE JAAR DIE EERSTE KEER TOEGEPAS IS

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings is gepubliseer ten opsigte van bestaande standpunte wat verpligtend geraak het vir die finansiële jaar wat op 1 Januarie 2016 begin het, en wat die Universiteit die eerste keer toegepas het. Die toepassing van onderstaande het nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate gehad nie. Die standpuntwysigings en -vertolkings is soos volg:

Wysigings aan IFRS 10	'Consolidated financial statements' and IAS 28, 'Investments in associates and joint ventures' on applying the consolidation exemption
Wysiging aan IFRS 11	'Joint arrangements' on acquisition of an interest in a joint operation
Wysigings aan IAS 1	'Presentation of financial statements' disclosure initiative
Wysiging aan IAS 16	'Property, plant and equipment' and IAS 38, 'Intangible assets', on depreciation and amortisation
Wysigings aan IAS 16	'Property, plant and equipment' and IAS 41, 'Agriculture' on bearer plants
Wysigings aan IAS 27	'Separate financial statements' on equity accounting
Wysiging aan IFRS 5	'Non-current assets held for sale and discontinued operations'
Wysigings aan IFRS 7	'Financial instruments: Disclosures'
Wysiging aan IAS 19	'Employee benefits'
Wysiging aan IAS 34	'Interim financial reporting'
IFRS 14	'Regulatory deferral accounts'

STANDPUNTE EN WYSIGINGS AAN BESTAANDE STANDPUNTE WAT NOG NIE EFFEKTIEF IS NIE

Sekere nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is gepubliseer wat verpligtend is vir rekeningkundige tydperke wat op of na 1 Januarie 2017 of later begin, en wat die Universiteit nog nie toegepas het nie. Die Universiteit sal hierdie wysigings in die toepaslike tydperk toepas, indien van toepassing. Die nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is soos volg:

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat die gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan affekteer	
IFRS 9	'Financial instruments' (2009 & 2010), on financial liabilities, derecognition of financial instruments, financial assets and general hedge accounting (effektief 1 Januarie 2018)

IFRS 9 spreek die klassifikasie en meting van finansiële bates aan en vervang die veelvuldige klassifikasie- en metingsmodelle in IAS 39 met 'n enkele model wat slegs twee klassifikasie kategorieë bevat, naamlik geamortiseerde koste en billike waarde. IFRS 9 bevat ook riglyne oor finansiële laste en vir die ontkenning van finansiële instrumente.

IFRS 15 en wysiging aan IFRS 15	'Revenue from contracts with customers' (effektief 1 Januarie 2018)
---------------------------------	---

IFRS 15 is 'n enkele, omvattende inkomste-erkenningmodel vir alle kontrakte met kliënte om te lei tot groter konsekwentheid ten opsigte van die erkenning van en openbaarmaking van inkomste. Inkomste word erken op grond van die vervulling van prestasieverpligtinge wat plaasvind wanneer beheer oor goedere of dienste oorgedra word na 'n kliënt.

IFRS 16	'Leases' (effektief 1 Januarie 2019)
---------	--------------------------------------

Die nuwe standpunt adresseer die definisie van 'n huur, die erkenning en meting van hure en lê beginsels neer vir die rapportering van nuttige inligting vir gebruikers van finansiële state oor die huur aktiwiteit van beide huurders en verhuurders. 'n Sleutel verandering is dat die meeste bedryfshure op die staat van finansiële posisie erken sal moet word. Die bestuur is tans in proses om die impak van die nuwe standpunte en wysigings te ondersoek, maar daar sal nie 'n wesenlike effek op die Universiteit se gekonsolideerde finansiële jaarstate in die volgende jaar wees nie.

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan hê nie	
Wysigings aan IFRS 10	'Consolidated financial statements' and IAS 28, 'Investments in associates and joint ventures' (effektiewe datum uitgestel)
Wysiging aan IAS 12	'Income taxes' (effektief 1 Januarie 2017)
Wysiging aan IAS 7	'Cash flow statements' (effektief 1 Januarie 2017)
Wysigings aan IFRS 2	'Share-based payments' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysiging aan IFRS 9	'Financial instruments' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 4	'Insurance contracts' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IAS 40	'Investment property' (effektief 1 Januarie 2018)
IFRIC 22	'Foreign currency transactions and advance consideration' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 1	'First-time adoption of IFRS' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 12	'Disclosure of interests in other entities' (effektief 1 Januarie 2017)
Wysigings aan IAS 28	'Investments in associates and joint ventures' (effektief 1 Januarie 2018)

2. KONSOLIDASIEGRONDSLAG

FILIALE

Alle entiteite waarin die Universiteit direk of indirek 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou, of ten opsigte waarvan hy andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die werksaamhede uit te oefen, word by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Die aankoopmetode word vir die teboekstelling van die verkryging van filiale gebruik. Die koste van 'n verkryging word as die billike waarde van bates oorgedra en laste aanvaar soos op die transaksiedatum, insluitende enige transaksiekoste, gemeet. Identifiseerbare bates in 'n besigheidskombinasie verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar word aanvanklik teen billike waarde gemeet.

Die verskil tussen die koste van verkryging en die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates word as klandisiewaarde verantwoord. Die resultate van filiale wat gedurende die jaar aangekoop is, word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Konsolidasie word gestaak vanaf die datum waarop effektiewe beheer eindig.

Die Universiteit erken enige niebeherende belange in die filiaal op 'n verkryging-tot-verkryging grondslag teen die billike waarde of teen die niebeherende belang se proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates van die filiaal.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy filiale word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van filiale word, waar nodig, tydens konsolidasie aangepas.

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPY

'n Geassosieerde maatskappy is 'n maatskappy, behalwe 'n filiaal, waarin die Universiteit 'n belegging het en ten opsigte waarvan hy vanweë die aard en die omvang van sy belegging die vermoë het om 'n beduidende

invloed daarop te kan uitoefen. Die resultate van geassosieerde maatskappy word deur middel van die ekwiteitsmetode verantwoord. Die ekwiteitsmetode behels die erkenning van die Universiteit en sy filiale se belang in die naverkrygingswinst en -verlies van geassosieerde maatskappy in die gekonsolideerde inkomstestaats en die naverkrygingsbewegings in reserwes in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste.

Die kumulatiewe naverkrygingsbewegings word teen die drabedrag van die belegging in die geassosieerde maatskappy aangepas. Die erkenning van die Universiteit en sy filiale se aandeel in verliese van geassosieerde maatskappy word tot die belang in die geassosieerde maatskappy beperk. Bykomende verliese word net erken in die mate waarin die Universiteit en sy filiale die skuld van die geassosieerde maatskappy gewaarborg het.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy geassosieerde maatskappy word na gelang van die Universiteit se belang in die geassosieerde maatskappy uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van geassosieerde maatskappy word, waar nodig, by die toepassing van die ekwiteitsmetode aangepas.

3. BUITELANDSE VALUTA

FUNKSIONELE EN AANBIEDINGSGELDEENHEID

Items wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die Universiteit bedrywig is (die funksionele geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse rand aangebied, wat die Universiteit se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid is.

TRANSAKSIES EN SALDO'S

Valutatransaksies word verantwoord teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Wins en verlies wat by die vereffening van sodanige transaksies ontstaan en die omskakeling van monetêre bates en laste wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Laasgenoemde saldo's word teen jaareindwisselkoerse omgeskakel.

4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit erwe, lesingslokale, laboratoriums, koshuise en administratiewe geboue. Grond en geboue word teen historiese koste minus opgehoopde waardevermindering getoon, met uitsluiting van skenkings van grond en geboue wat soos op die datum van die skenking deur professionele waardeerders teen billike waarde gewaardeer word. Die Universiteit het die vrystelling van IFRS 1 toegepas om die markwaarde van geboue soos op die datum van omskakeling (1 Januarie 2004) as kosprys te ag.

Historiese koste sluit direkte koste met betrekking tot die verkryging van die item in. Naverkrygingskoste word net by die oorspronklike kosprys getel, of as 'n afsonderlike bate erken, indien die vloei van bykomende toekomstige ekonomiese voordele uit die item na die Universiteit waarskynlik is en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Boeke en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van skenkings van boeke en toerusting wat soos op die datum van die skenking teen billike waardes deur geswore waardeerders gewaardeer word.

Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek.

Geen waardevermindering word ten opsigte van grond erken nie, omdat dit 'n onbepaalde leeftyd het. Die waardevermindering van ander bates word volgens die reguitlynmetode bereken om die koste of herwaardeerde bedrae oor die nutsduur van die bates tot die reswaardes af te skryf.

Reswaardes en waardeverminderingsoerse is soos volg:

	Reswaarde 2016 %	Waardevermindering 2016 %	Reswaarde 2015 %	Waardevermindering 2015 %
Grond	100	-	100	-
Geboue	-	1,3-20,0	-	1,3-20,0
Rekenaartoerusting	-	33,3	-	33,3
Ander	0-40	5-25	0-40	5-25
Biblioteekboeke	-	100	-	100

Die nutsduur van eiendom, boeke en toerusting word jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas.

Indien die drabedrag van 'n bate groter as die realiseerbare waarde daarvan is, word dit na die realiseerbare waarde afgeskryf.

Wins en verlies by die verkoop van bates word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken en verteenwoordig die verskil tussen die opbrengs en die drabedrag soos op die datum van die verkoop.

5. ONTASBARE BATES

Aangekoopte rekenaarsagtewarelisensies word gekapitaliseer teen die koste aangegaan om die spesifieke sagteware te verkry en in gebruik te neem. Hierdie koste word oor die verwagte nutsduur van die sagteware geamortiseer. Die sagteware wat aan die jaareinde binne hierdie kategorie val, se verwagte nutsduur is 10 jaar. Naverkrygingskoste wat vir die instandhouding van rekenaarsagteware aangegaan word, word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word. Ontasbare bates sluit rekenaarsagtewarelisensies en klandisiewaarde in.

6. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente sluit in kontant en

kontantekwivalente, afgeleide instrumente, beleggings, debiteure en lenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken. Die konvensionele koop en verkoop van finansiële bates word soos op die verhandelingsdatum erken.

Die Universiteit klassifiseer finansiële bates volgens die volgende kategorieë: debiteure en lenings; beleggings beskikbaar vir verkoop en finansiële instrumente teen billike waarde gedra, met aanpassings deur wins en verlies in die gekonsolideerde inkomstestaat. Die Universiteit klassifiseer finansiële laste volgens die volgende kategorieë: handels- en ander krediteure en rentedraende lenings. Die klassifikasie word bepaal deur die doel waarvoor die bate of las verkry is. Die bestuur bepaal die klassifikasie by aanvanklike erkenning.

DEBITEURE EN LENINGS

Debiteure en lenings is nieafgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare terugbetalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Debiteure en lenings word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Indien die bedrae eers ná 12 maande vanaf die jaareinde betaalbaar is, word dit by niebedryfsbates ingesluit, andersins by bedryfsbates.

Debiteure en lenings word teen die geamortiseerde

koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak, en ná toelating vir kredietverliese ten opsigte van die uitstaande bedrag. 'n Toelaag vir kredietverliese word geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan dat uitstaande bedrae nie volgens die oorspronklike bepalinge ingevorder sal word nie. Die bedrag van die toelaag is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van die verwagte kontantvloei, verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers, verteenwoordig.

Beduidende finansiële probleme en die wanbetaling van uitstaande skuld word as aanwysers van waardedaling beskou. Die drabedrag van die bate word verminder deur van 'n voorsieningsrekening gebruik te maak. Die bedrag van die waardedaling word in die gekonsolideerde inkomstestaat as 'n bedryfsuitgawe erken. Wanneer die debiteur of lening oninvorderbaar is, word dit teen die voorsieningsrekening afgeskryf. Die latere verhalings van enige bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes op die gekonsolideerde inkomstestaat gekrediteer.

Handels- en ander debiteure, behalwe valutatermykontrakbates, word as debiteure en lenings geklassifiseer.

Kontant en kontantekwivalente, wat as debiteure en lenings geklassifiseer word, bestaan uit kontant voorhande, daggelddeposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekkings.

BELEGGINGS BESKIKBAAR VIR VERKOOP

Beleggings word as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer en word deur die gebruik van toepaslike waardasiemetodes teen billike waardes getoon. Beleggings word by niebedryfsbates ingesluit, behalwe as die Universiteit beoog om die belegging binne 12 maande ná jaareinde te vervreem. Aankope en verkope van beleggings word soos op die verhandelingsdatum erken, dit wil sê die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope en verkope verbind. Veranderinge in billike waardes word in ander omvattende inkomste in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste getoon. Die verskil tussen die netto verkoopsopbrengs en die kosprys van die belegging word by vervreemding van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Beleggings word onderken wanneer die reg op kontantvloei verval het of oorgedra is, of die Universiteit die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap gepaard gaan, oorgedra het.

Daar word onderskei tussen waardeveranderinge weens wisselkoersveranderinge en billikewaardeveranderinge by instrumente wat in 'n buitelandse valuta gedenomineer en wat as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer is. Wisselkoerswinste en -verliese word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Bewegings in die billike waardes van hierdie beleggings word in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste erken. Die billike waarde van genoteerde beleggings word op huidige markpryse gegrond. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak.

Die Universiteit bepaal teen elke jaareinde, indien daar

objektiewe bewyse bestaan, of 'n finansiële bate se waarde gedaal het. 'n Beduidende afname in die billike waarde van die belegging oor 'n tydperk na laer as die kosprys daarvan is 'n aanduiding dat die belegging se waarde gedaal het. Indien sodanige bewyse vir beleggings beskikbaar vir verkoop bestaan, word die kumulatiewe verlies van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Die kumulatiewe verlies word bereken as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde ná aftrekking van enige waardedalinge wat in vorige tydperke erken is. Waardedalingverliese wat in die gekonsolideerde inkomstestaat erken is, word nie in die gekonsolideerde inkomstestaat teruggedra indien daar latere verhalings is nie.

AFGELEIDE INSTRUMENTE

Bates en laste ten opsigte van afgeleide instrumente, met inbegrip van valutatermykontrakte, word as 'teen billike waarde met aanpassings deur die inkomstestaat' geklassifiseer. Hierdie instrumente word erken teen billike waarde soos op die datum waarop die afgeleide kontrak aangegaan word. In die daaropvolgende tydperke word dit teen billike waarde herwaardeer. Winste en verliese op afgeleide instrumente word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

Handels- en ander krediteure, behalwe valutatermykontraklaste, word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna word dit teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak.

RENTEDRAENDE LENINGS

Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings word ná aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag word oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomstestaat erken deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak. Lenings word as bedryfslaste getoon, behalwe indien die Universiteit 'n onvoorwaardelike reg het om betaling vir minstens 12 maande na die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon word.

7. NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien albei inherent aan die gewone werksaamhede van 'n universiteit is.

8. SKENKINGS

Skenkings word teen die billike waarde soos op die datum van die skenking, gegrond op eksterne waardasies, getoon.

9. VOORRAAD

Voorraad, wat hoofsaaklik uit verbruiksgoedere en skryfbehoeftes bestaan, word teen die kosprys getoon, op die grondslag van gemiddelde koste, of die netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is.

Die kosprys sluit finansieringskoste uit. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake, minus verkoopskoste.

10. WAARDEDALING VAN NIEFINANSIËLE BATES

Bates met 'n onbepaalde nutsduur is nie aan waardevermindering en amortisasie onderworpe nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat aan waardevermindering en amortisasie onderworpe is, word vir maontlike waardedaling getoets indien 'n gebeurtenis of verandering in omstandighede aandui dat die drabedrag van die bate maontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry. Die verhaalbare bedrag is die bate se billike waarde, minus enige verkoopskoste, of die gebruikswaarde daarvan, wat ook al die hoogste is. In die toets vir waardedaling word bates gegroep op die kleinste vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei is (kontantgenererende eenhede). Niefinansiële bates met vorige waardedaling word aan elke jaareinde hersien vir 'n maontlike omswaaiing van die waardedaling wat reeds erken is.

11. INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste word erken teen die billike waarde van die bedrae of goedere wat ontvang is.

Donasie-inkomste word erken wanneer dit toeval.

Studente- en inwoningsgeld word erken na gelang die diens gelewer word.

Sentrale owerheidstoekennings word erken in die tydperk waarvoor dit ontvang word.

Owerheidstoekennings word erken wanneer daar redelike sekerheid is dat die toekenning ontvang sal word en dat die Universiteit sal voldoen aan al die voorwaardes wat daaraan gekoppel word. Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek. Die toekenning word as inkomste verantwoord deur die waardevermindering wat toegeken en in die gekonsolideerde inkomstestaat getoon word.

Navorsingstoekennings word oor die termyn van die navorsing en op grond van die bepaling van die individuele kontrakte erken.

Rente-inkomste word op 'n tydtoedelingsgrondslag erken deur die effektiwerentekostes-metode toe te pas. Wanneer 'n toelating van kredietverliese ten opsigte van 'n debiteur geskied, verminder die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag verteenwoordig die toekomstige kontantvloei teen die oorspronklike effektiwe rentekoers verdiskonteer. Hierdie diskonto word oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, word teen die oorspronklike effektiwe rentekoers erken.

Tussendepartementele inkomste word uitgeskakel.

Ander inkomste wat deur die Universiteit verdien word, word op die volgende grondslae erken:

- Dividendinkomste – wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang vestig, dit wil sê op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval van ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar word.
- Huurinkomste – ontvangste ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die tydperk van die huurtermyn op 'n reguitlynggrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.
- Toevallige verkope en dienste – in die tydperk waarin dit toeval.

12. HUUR

Indien die verhuurder die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap van 'n gehuurde item behou, word dit as bedryfshuur geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die huurtermyn op 'n reguitlynggrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Die Universiteit huur eiendom en toerusting. Huurooreenkomste waar die Universiteit, as huurder, aansienlik al die risiko's en voordele van eienaarskap ontvang, word as bruikhure geklassifiseer. Bruikhure word aan die begin van die huurtermyn teen die laagste van die markwaarde van die gehuurde eiendom en die huidige waarde die minimum huurbetalings gekapitaliseer. Elke huurbetaling het 'n las- en 'n finansieringskoste-element en word daarvolgens verdeel. Die ooreenstemmende huurverplichting, na aftrekking van finansieringskoste, word in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken. Die finansieringskoste-element word oor die huurtermyn in die gekonsolideerde inkomstestaat erken ten einde 'n konstante termynkoers van finansieringskoste op die uitstaande verplichting vir elke verslagdoeningstydperk te erken. Die eiendom en toerusting wat deur middel van bruikhuurkontrakte verkry word, word oor die kortste van die nutsduur of die huurtermyn van die bate gedepresieer.

13. BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en om kapitaal groei te bewerkstellig. Eienaargeokkupeerde eiendomme word vir administratiewe, onderrig- en navorsingsdoeleindes gehou. Die verskil in gebruik onderskei eienaargeokkupeerde eiendomme van beleggingseiendomme.

Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings beskou en teen billike waarde gedra wat jaarliks deur eksterne professionele waardeerders bepaal word. Beleggingseiendomme is nie aan waardevermindering onderworpe nie. Enige verandering in waarde word direk in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Eienaargeokkupeerde eiendomme word ooreenkomstig die rekeningkundige beleid vir eiendom, boeke en toerusting erken en gemeet.

14. VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer die Universiteit 'n huidige wettige of afgeleide verplichting het as gevolg van 'n verpflichtende gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het en wat waarskynlik tot 'n uitvloei van hulpbronne in die vorm van ekonomiese voordele sal lei om die verplichting te vereffen, en 'n redelike raming van die bedrag van die verplichting moontlik is. Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die verwagte toekomstige uitgawes om die verplichting te vereffen, verdiskonteer teen die markverwante koers vir soortgelyke voorsienings. Veranderings in die waarde van voorsienings as gevolg van tydsverloop word as rente erken.

15. PERSONEELVOORDELE

NA-AFTREDE MEDIËSE VOORDELE EN GROEOPLEWENSVERSEKERINGSKEMA

Na-aftrede mediese voordele word aan afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is. Alle werknemers word verplig om aan die groeiplewensversekeringskema deel te neem. Die verwagte koste van hierdie voordele word oor die diensduurperk erken. Die verplichting ten opsigte van die na-aftrede mediese voordele is die teenswoordige waarde van die verplichting soos aan die jaareinde, minus die billike waarde van planbates en enige aanpassings vir aktuariële wins of verlies en verstreke dienskosse. Die verplichting word minstens elke drie jaar aktuarieel deur 'n onafhanklike aktuaris bereken. Aktuariële wins en verliese word onmiddellik in die ander omvattende inkomste in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste erken.

PENSIOENVERPLIGTINGS

	88 443	76 981

23. FINANSIERINGSKOSTE BETAAL

Bedrag aan die begin van die jaar betaalbaar	-	1 982
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	18 041	17 225
Aanpassing vir nie-kontantvloei items	(17 911)	
Bedrag aan die einde van die jaar betaalbaar	-	-
	130	19 207

2016	2015
R000	R000

24. REKONSILIASIE VAN SURPLUS MET KONTANTVLOEIE

Surplus volgens die gekonsolideerde inkomtestaat	740 823	969 714
Aanpassings vir:		
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	(327 049)	(545 744)
Rente en dividende ontvang	(318 241)	(347 688)
Finansieringskoste	18 041	19 207
Wins by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting	(6 118)	(6 379)
Terugskrif van waardedaling van eiendom	(22 565)	-
Verhoging in voorsiening vir verlofgratifikasie	14 865	15 932
Verhoging in voorsiening vir personeelvoordele	35 029	23 540
Verhoging in toelaag vir kredietverliese tov studentegelde, studenteleninge en handelsdebiteure	43 875	34 797
Waardevermindering	287 872	252 363
Valutawins	-	(15 245)
Aanpassing op bedryfshuurbate	(8 726)	-
Toename in belegging in geassosieerde maatskappye	(1 151)	(1 590)
In natura en bate skenkings	(4 578)	(46 896)
Bedryfsinkomste voor bedryfskapitaalveranderings	452 077	352 011
Verandering in bedryfskapitaal	15 377	(48 459)
Afname/(Toename) in handels- en ander debiteure	5 189	(142 902)
Min: (Afname)/Toename in debiteure vir uitstaande beleggingsinkomste	(2 943)	1 969
(Toename)/Afname in voorraad	(846)	245
Toename in handels- en ander krediteure en personeelvoordele	5 250	88 086
Afname in bedryfshuurbate	8 726	4 143
Kontant deur bedrywigheede gegenereer	467 454	303 552

25. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Gunstige banksaldo's	278 634	280 452
Korttermynbeleggings in kontant	473 490	337 142
	752 124	617 594

Die gemiddelde rentekoers vir 2016 ten opsigte van kontant en kontantekwivalente beloop soos aan die jaareinde 8% (2015: 6%).

Die Universiteit se fasiliteite by banke wat jaarliks hersien word

	171 055	161 700
--	---------	---------

Soos aan die jaareinde was net 'n gedeelte van die fasiliteit vir motorlenings opgeneem. Die gedeelte wat opgeneem is, word by rentedraende lenings ingesluit. Verwys na aantekening 3.

26. FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

Die Universiteit se aktiwiteite stel hom aan sekere besigheids- en finansiële risiko's, naamlik markrisiko, kredietrisiko en likiditeitsrisiko, bloot. Die Universiteit se oorkoepelende risikobestuursprogram fokus op die geïdentifiseerde bedryfsrisiko's sowel as die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om die potensieel nadelige uitwerking op die Universiteit te minimaliseer.

26.1 BESIGHEIDSRISIKO'S

Die hoofbesigheidsrisiko's van die Universiteit, soos deur die Bestuur geïdentifiseer, sien soos volg daaruit:

- Die pas van transformasie en verbreding van toeganklikheid.
- Die groeiende druk op die ongeoordeelde staatsubsidie aan universiteite.
- Infrastruktuurtekorte en die hoë koste van deurlopende instandhouding van fasiliteite.
- Druk op studie- en inwoningsgelde agv sektorwye protesaksies (#FeesMustFall).

Hierdie risiko's word deurlopend gemoniteer en die gepaste stappe gedoen om dit ten beste te bestuur.

2016	2015
R000	R000

26.2 MARKRISIKO

Die aktiwiteite van die Universiteit stel hom aan verskeie markrisiko's, insluitende valutarisiko, prysrisiko en rentekoersrisiko, bloot.

(a) VALUTARISIKO

As gevolg van internasionale transaksies in ander geldeenhede as die Suid-Afrikaanse rand (die Universiteit se funksionele geldeenheid), word die Universiteit aan valutarisiko blootgestel. Hierdie risiko spruit uit toekomstige finansiële transaksies, asook erkende bates en laste, wat veral in VS-dollar, pond en euro gedenomineer is. Valutarisiko van toekomstige finansiële transaksies word bestuur deur vooruitdekking deur middel van valutatermykontrakte uit te neem.

Indien die wisselkoers soos op 31 Desember 2016 met 5,0% verstewig/verswak het, met alle ander faktore konstant, sou die surplus vir die jaar soos volg vergroot/(verklein) het:

NOK	-	14
CHF	-	2
EURO	39	104
GBP	27	62
AUD	-	14
SEK	2	12
USD	397	958
	465	1 166

Valutatermykontrakte word aangegaan om die blootstelling aan wisselkoersskommelings ten opsigte van sekere transaksies te bestuur. 'n Omsigtige benadering met betrekking tot vooruitdekking word gehandhaaf.

Op 30 November 2015 het die Raad goedgekeur dat wisselkoersverliese wat ontstaan a.g.v. die verskil tussen die wisselkoers gebruik vir begrotingsdoeleindes en die koers soos waarteen die Biblioteek se buitelandse betalings werklik aangegaan word, uit die wisselkoerswinste op buitelandse beleggings befonds word.

Die volgende bedryfsbates en -laste ten opsigte van buitelandse valutatransaksies, soos in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie getoon, word nie deur valutatermykontrakte vooruit gedek nie:

	Valuta 2016	Rand-waarde 2016	Valuta 2015	Rand-waarde 2015
	000	R000	000	R000
Handelsdebiteure				
NOK	-	-	170	286
CHF	-	-	3	45
AUD	-	-	25	273
SEK	32	46	135	239
EURO	54	770	126	2 082
GBP	33	542	56	1 247
USD	588	7 931	1 260	19 161
Netto valutabate		9 289		23 333

2016	2015
R000	R000

(b) PRYSRISIKO

Die Universiteit word aan prysrisiko ten opsigte van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop blootgestel. Indien die plaaslike aandelebeurs soos op 31 Desember 2016 met 10,0% gestyg/gedaal het en alle ander faktore konstant gebly het, sou die billikewaarde-reserwe vir genoteerde aandele met R658,6 miljoen (2015: R599,6 miljoen) vermeerder/verminder het. 'n 10,0% styging/daling op die sekuriteitebeurs soos op 31 Desember 2016 sou 'n toename/afname van R57,7 miljoen (2015: R68,3 miljoen) in die billikewaarde-reserwe vir staatseffekte en ander rentedraende genoteerde instrumente tot gevolg gehad het.

Die Universiteit word nie direk aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

(c) RENTEKOERSRISIKO

Die rentekoerseienskappe van nuwe en bestaande lenings word deurlopend hersien. Die Universiteit het vir die jare geëindig 31 Desember 2016 en 2015 geen ooreenkomste met betrekking tot rentekoersafgeleide instrumente gesluit nie.

Indien die rentekoers ten opsigte van saldo's by banke soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R7,5 miljoen (2015: R6,2 miljoen) toeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van rentedraende beleggings soos aan die jaareinde met 100 basispunte toeneem/afgeneem het, sou die surplus vir die jaar met R6,0 miljoen (2015: R3,2 miljoen) toeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van die bankfasiliteit vir die finansiering van die Universiteit se onderskeie motorskemas soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R0,4 miljoen (2015: R0,4 miljoen) afgeneem/toeneem het.

26.3 LIKIDITEITSRISIKO

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.

Die Universiteit is in staat om langtermynbeleggings op kort kennisgewing te realiseer om moontlike likiditeitsrisiko's te dek. Kontantbeleggings wat R109,8 miljoen (2015: R649,2 miljoen) beloop, is ook by langtermynbeleggings ingesluit.

Bedryfsbates	1 018 273	943 660
Bedryfslaste	885 253	822 669
Verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste	1,15	1,15

26.4 KREDIETRISIKO

Kredietrisiko ontstaan hoofsaaklik as gevolg van uitstaande studentegelde en -lenings, handelsdebiteure en kontantmiddele. Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot hoeveelheid kliënte en hulle kredietwaardigheid word deurlopend deur die Universiteit geëvalueer. Kontantsurplusse word slegs by finansiële instellings met goeie kredietwaardigheid belê. Geen wesentliche kredietrisiko bestaan soos op 31 Desember 2016 en soos op 31 Desember 2015 waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie. Handels- en ander debiteure word ná aftrekking van enige toelaag vir kredietverliese getoon.

26.5 RAMING VAN BILLIKE WAARDE

Die billike waardes van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop word op die gekwoteerde markpryse soos aan die jaareinde gegrond. Die gekwoteerde markprys verwys na die sluitingsprys op die laaste sakedatum voor die jaareinde. Die billike waardes van ongenoteerde beleggings wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasiemetodes, gegrond op marktoestande soos aan die jaareinde, bepaal. Billike waardes van die res van die finansiële instrumente word op grond van verdiskonteerde kontantvloeiemodelle bepaal. Handels- en ander debiteure en -krediteure en rentedraende lenings se nominale waardes minus waardedalings en toelaes vir kredietverliese word geag die billike waardes daarvan te wees. Korttermynskuldinstrumente verteenwoordig skenkingsfondse waar die skenker die aanwending en die tydperk van aanwending kan bepaal, en word teen billike waarde gemeet.

Die Universiteit Stellenbosch pas vanaf 1 Januarie 2009 die aanpassing aan IFRS 7 toe vir finansiële instrumente wat teen billike waarde in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie getoon word. Hierdie aanpassing vereis dat billikewaarde-metings volgens onderstaande hiërargie geopenbaar word:

Vlak 1	Gekwoteerde pryse volgens aktiewe markte vir identiese bates en laste.
Vlak 2	Ander insette as gekwoteerde pryse wat direk (pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse) verkry word.
Vlak 3	Insette vir bates en laste wat nie op beskikbare markdata gegrond word nie.

Bates soos op 31 Desember 2016 teen billike waarde getoon:

	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
	R000	R000	R000	R000
Staatseffekte	576 736	-	-	576 736
Aandele				
- Genoteerde aandele	6 586 485	-	-	6 586 485
- Ongenoteerde aandele	-	4 164	-	4 164
Vaste deposito's	597 851	-	-	597 851
Ander	128 093	-	-	128 093
	7 889 165	4 164	-	7 893 329

Die billike waarde van genoteerde beleggings, staatseffekte, vaste deposito's en ander beleggings word op huidige markpryse gegrond. Ander beleggings bestaan hoofsaaklik uit kontantinstrumente wat deel van die Universiteit se langtermynbeleggingspoel uitmaak. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak. Soos op 31 Desember 2015 was staatseffekte, genoteerde aandele, vaste deposito's en ander beleggings as vlak 1 geklassifiseer en ongenoteerde aandele as vlak 2.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie op die sekuriteitebeurs verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasietegnieke bepaal. Hierdie tegnieke neem hoofsaaklik beskikbare markdata in ag. Die gebruik van entiteitspesifieke ramings word beperk. Indien insette net uit beskikbare markdata bestaan, word die instrument op vlak 2 getoon. Spesifieke waardasietegnieke sluit die gebruik van gekwoteerde of handelaarspryse van soortgelyke instrumente in, met inagneming van risikofaktore.

Indien enige van die insette nie op beskikbare markdata gegrond word nie, word die item op vlak 3 getoon.

Finansiële laste

Drabedrag	Kontraktuele kontantvloei	< 1 jaar	1-5 jaar	> 5 jaar
R000	R000	R000	R000	R000
31 DESEMBER 2016				
Rentedraende lenings	158 239	486 839	20 374	131 605
Handels- en ander krediteure	871 206	871 206	-	-
Totale finansiële laste	1 029 445	1 358 045	891 580	131 605
31 DESEMBER 2015				
Rentedraende lenings	114 965	216 071	13 300	99 951
Handels- en ander krediteure	820 236	820 236	-	-
Totale finansiële laste	935 201	1 036 307	833 536	99 951

26.6 BESTUUR VAN BESKIKBARE FONDSE

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse ten einde te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebate-fondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend.

27. PERSONEELVOORDELE

BYDRAES TOT DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS (USAF)

USAF, wat op 1 November 1994 ontstaan het en deur die Wet op Pensioenfondse van 1956 (soos gewysig) beheer word, is 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit. Die fonds word minstens elke drie jaar deur 'n onafhanklike aktuaris gewaardeer. Die ledetal van USAF beloop soos op 31 Desember 2016 altesaam 3 545 (2015: 3 404). Ledebydraekoerse wissel tussen 10% en 20% van pensioengewende verdienste. Die aktuaris het verklaar dat die fonds finansiële gesond is. Totale bydraes betaal het R208,1 miljoen (2015: R175,4 miljoen) beloop. Die mees onlangse oudit is vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 gedoen en 'n ongekwalifiseerde mening is uitgespreek.

ANDER VOORDELE

Na-aftrede mediese voordele word aan sekere afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is.

Die groeplewensversekeringskema voorsien lewensversekering by die dood van die lid. Lidmaatskap van die skema is vir alle permanente werknemers van die Universiteit verpligtend.

Die verpligtings word minstens elke drie jaar deur die onafhanklike aktuaris aktuarieel bereken en op 'n jaarlikse grondslag hersien. 'n Volledige aktuariële waardasie is soos op 31 Desember 2016 gedoen. Die mees onlangse aktuariële waardasie is op 8 Februarie 2017 gedoen. Die volgende aktuariële waardasie sal nie later nie as 1 Januarie 2018 gedoen word.

Die aktuariële waardasiemetode is die geprojekteerde-eenhedskrediet-metode. Die hoof aktuariële aannames is die volgende:

	2016	2015
Verdiskonteringskoers	9.9%	10.7%
Mediese inflasie	9.3%	10.3%
Groeplewensinflasiekoers	8.8%	9.8%
Salarisinflasie	8.8%	9.8%
Aftreeouderdom	65,0	65,0
Verwagte gemiddelde aftreeouderdom	65,0	65,0
Ouderdomsverskil tussen hooflid en gade: voortgesit	Werklik	Werklik
Ouderdomsverskil tussen hooflid en gade: aktief	4,0	4,0
Inkomste by aftrede	75,0%	75,0%
Proporsie by aftrede getroud	75,0%	75,0%
Groeplewens proporsie by aftrede getroud	90,0%	90,0%
Maksimum ouderdom vir weeskindbydraes	21,0	21,0
Voortsetting by aftrede	100,0%	100,0%

Rekonsiliasie van die drabedrag:

	2016			2015		
	Mediese verpligting	Groeplewens-versekering	Totaal	Mediese verpligting	Groeplewens-versekering	Totaal
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
Verpligting aan die begin van die jaar	526 491	41 413	567 904	500 358	43 184	543 542
Aanpassings in die gekonsolideerde inkomstestaat:						
- Huidige dienskosse	6 543	2 292	8 835	6 679	2 285	8 964
- Rentekoste	54 573	4 318	58 891	41 245	3 577	44 822
- Verwagte bydraes deur die werkgewer betaalbaar	(30 767)	(2 004)	(32 771)	(28 170)	(2 084)	(30 254)
Aanpassings in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste	17 081	6 366	23 447	6 379	(5 549)	830
	573 921	52 385	626 306	526 491	41 413	567 904

2016	2015
R000	R000

Die groter aktuariële verpligting is aan die volgende faktore toeskryfbaar:

Verandering in die finansiële aannames	(8 893)	12 401
Verandering in die aktuariële basis	8 610	(28 378)
Verandering in demografiese aannames	16 314	23 256
Verandering in ledetalle en –besonderhede	7 416	(6 449)
	23 447	830

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

Voortgesette lede	439 432	397 549
Indienslede	186 874	170 355
	626 306	567 904

Die verwagte toename in die verpligting vir die volgende 12 maande is R33,4 miljoen (2015: R35,4 miljoen).

LANGDIENSVOORDELE

Ná 25 jaar dienslewing kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris, met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000.

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

Aktiewe lede	3 275	3 201
Totale verpligting	629 581	571 105

Die geskiedenis van personeelvoordele is soos volg:

	2016	2015	2014	2013	2012
	R000	R000	R000	R000	R000
Huidige waarde van verpligting	629 581	571 105	546 735	495 756	484 332
Aktuariële verlies/(wins) as gevolg van ondervinding	8 610	(28 378)	10 726	31 698	39 755

28. INKOMSTEBELASTING

Die Universiteit word ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet van normale inkomstebelasting vrygestel. Sommige van die filiale van die Universiteit is wel belastingpligtig. Verwys na aantekening 10.

29. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

29.1 ONDERSTAANDE INSTANSIES WORD GEAG VERWANTE PARTYE VAN DIE UNIVERSITEIT TE WEES

Die gekonsolideerde finansiële state soos op 31 Desember 2016 sluit die volgende trusts en vennootskappe in:

TRUSTS EN VENNOOTSAPPE		
Naam van Trust / Vennootskap	Aard van aktiwiteite	Lening R
Stellenbosch Trust	Fondswerwing en belegging van skenkingsfondse	Nul
Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust	Belegging in eiendom vir onderrig- en navorsingsaktiwiteite	Nul
Stellenbosch Regsfakulteit Trust	Beoordeling van die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat vir lede van die algemene publiek toeganklik is	Nul
Stellenbosch Finansieringsvennootskap	Leen van fondse ingevolge die vennootskapsooreenkoms	Nul

Die Universiteit het soos op 31 Desember 2016 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale gehad:

ONGENOTEERDE FILIALE				
Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandeelbesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
Unistel Eiendomme (Edms) Bpk	Dormant	100%	1 000	Nul
InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	Kommersialisering van intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit Stellenbosch vir navorsing, opleiding en gemeenskapsinteraksie	100%	1 000	Nul
USB Bestuursontwikkeling Bpk	Ontwikkeling en aanbieding van bestuurs-ontwikkelingprogramme en verskaffing van konsultasiedienste	54,8%	4 317 980	Nul

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van die Universiteit, het soos op 31 Desember 2016 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale en geassosieerde maatskappye gehad:

ONGENOTEERDE FILIALE EN GEASSOSIEERDES				
Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandeelbesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
Aquastel (Edms) Bpk	Ontginning van akwakultuurtegnologie	100%	1 000	Nul
Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk	Uitgewery en drukdienste	55%	1 000	Nul
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	Verskaffing van genetiese, diagnostiese en toetsingsdienste vir mense en diere	35%	4 586 000	Nul
Unistel Tegnologie (Edms) Bpk	Dormant	100%	1 000	Nul
Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk	Verskaffing van sportverwante dienste (kommersialisering van sportbates)	100%	1 000	1 318 000
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	Kommersialisering van nanoveseltegnologie	29,6%	Nul	Nul
Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk	Kommersialisering van windenergiegenereringstegnologie	74%	1 000	Nul
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	Diensverskaffing aan die sonenergiebedryf	25%	417 000	Nul
Launchlab (Edms) Bpk	Ondersteun entrepreneurskap op die kampus deur netwerkgeleenthede, mentorskap en bekostigbare huurartariere in 'n entrepreneursvriendelike omgewing	100%	1 000	Nul
Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk	Ontwikkeling van gepatenteerde sintetiese longtegnologie	50%	1 000	Nul
Custos Media Technologies (Edms) Bpk	Verskaffing van digitaleregtebestuur op digitale materiaal met kopiereg	24,2%	1 000	Nul

ONGENOTEERDE FILIALE EN GEASSOSIEERDES <i>Vervolg</i>				
Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandeelbesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
Sun Magnetics (Edms) Bpk	Die ontwikkeling en verkoop van inductansie ekstraksie en magnetiese veld berekening sagteware vir geïntegreerde stroombaan verifikasie (insluitend vir supergeleiding geïntegreerde stroombane)	40%	48	Nul
Bridgiot (Edms) Bpk	Die ontwikkeling van 'n internet van dinge platform wat daarop gemik is om huishoudelike en ander elektronika aan die wolk te verbind	40%	400	Nul
Vulamanz (Edms) Bpk	Die gebruik van 'n gepatenteerde "Capillary Ultrafiltration" Membraan Nanotegnologie om hoë gehalte drinkwater te produseer	40%	48	Nul

Uitvoerende bestuurslede word ook geag verwante partye van die Universiteit te wees. Verwys na aantekening 16 vir 'n lys van die uitvoerende bestuurslede en betalings aan hulle gedurende die jaar:

2016	2015
R000	R000

29.2 TRANSAKSIES MET VERWANTE PARTYE

Transaksies met verwante partye sluit in die betaling vir administratiewe dienste en finansieringskoste, asook beleggingsinkomste wat verdien is.

Belanghebbers het gedurende die jaar geen wesentliche belang gehad in enige wesentliche ooreenkoms van die Universiteit of enige van sy filiale wat tot 'n botsing van belange aanleiding kan gee nie.

Transaksies tussen die Universiteit Stellenbosch en sy filiale word by konsolidasie uitgeskakel.

Die volgende verwanteparty-transaksies het tussen die Universiteit en verwante partye plaasgevind:

29.2.1 Inkomste

Vanaf filiale:	2016	2015
Uitkering van geormerkte skenkings vanaf Stellenbosch Trust	375 542	231 340
Dienste	35 103	19 415
Rente	147	975
	410 792	251 730

29.2.2 Uitgawes

Aan filiale:	2016	2015
Dienste	32 235	2 532
Rente	162	580
	32 397	3 112

29.2.3 Bedrae soos aan die jaareinde uitstaande

Ontvangbaar van:	2016	2015
Filiale	78 234	29 307
Ontvangbaar van:		
Filiale	3 789	4 912

29.2.4 Lenings aan verwante partye toegestaan

Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk	1 318	1 692
---	-------	-------

Die lening dra rente wat aan die prima koers gekoppel is, en het vaste terugbetalingsbepalings.

GLOSSARIUM

TERME EN VERKLARINGS

aangewese groepe	Mense wat bruin, swart of Indiër is (BSI).
A-gegradeerde navorsers	Navorsers wat as wêreldleiers op hul onderskeie navorsingsterreine beskou word.
eienskappe van gegradueerdes	Om volhoubare hoop in Afrika te skep, streef die Universiteit Stellenbosch daarna om elke gegradueerde, deur die loop van sy of haar studie, met wenslike en blywende karaktereienskappe toe te rus. 'n Stellenbosch gegradueerde is: <ul style="list-style-type: none"> 'n ondersoekende gees (aanvaar verantwoordelikheid vir 'n lewenslange leer en aanwending van kennis, dink krities en kreatief); 'n betrokke burger op plaaslike, streeks- en globale vlak (tree verantwoordelik teenoor die samelewing en omgewing op, oefen doeltreffende leierskap uit, neem in 'n diverse, veeltalige gemeenskap deel, skep geleentheid vir ander as 'n maatskaplike entrepreneur); 'n dinamiese, professionele persoon (pas kennis toe en dra dit oor; gryp geleentheid aan en los probleme op, is innoverend, gebruik volhoubare en doeltreffende tegnologie, tree eties op); en sosiaal en intellektueel 'n goed afgeronde individu (trek voordeel uit geleentheid vir persoonlike groei – kultureel, intellektueel en sportlewe, soek verrykende ervarings, neem ingeligte en weldeurdagte besluite).
geldstroom	Die Universiteit se finansiële kapitaal. Vier geldstrome word onderskei en genommer om aan te dui waar die finansiële insette vandaan kom: <ul style="list-style-type: none"> <i>eerste geldstroom</i>: die owerheidstoekenning; <i>tweede geldstroom</i>: die onderrig- en verblyfgeld van studente verhaal; <i>derde geldstroom</i>: dié uit (kontrak)navorsing, beleggings, kommersialisering en verkope verdien; en <i>vierde geldstroom</i>: filantropiese skenkings en bemakings.
gemengde leer	Modules word aangebied deur middel van tradisionele lesings én informasie- en kommunikasietegnologie. Kyk ook tegnologieplatform. Gemengde leer verhoog die interaksie tussen studente en tussen personeel en studente, en verbeter ook toegang tot hulpbronne.
Horizon 2020	Die Europese Unie se grootste navorsings- en innovasiebefondsingsprogram ooit met die oog op uitnemende wetenskap, bedryfsleierskap en die aanpak van maatskaplike uitdagings. Befondsing word oor 'n sewejaartydperk – van 2014 tot 2020 – aan verskeie tipes projekte beskikbaar gestel, gewoonlik in 'n raamwerk van drie tot vier jaar per projek.
indirekte kosteverhaling	Indirekte kosteverhaling is tans algemene praktyk in die hoëronderrisektor. Dit stel die Universiteit in staat om die indirekte koste van ekstern gefinansierde projekte (derde geldstroom) van sy kliënte te verhaal deur 'n toeslag vir regs-, finansiële, menslikehulpbron-, navorsingsbestuurs-, informasietegnologie- en biblioteekdienste, asook ondersteuning met intellektuele eiendom op te lê.
kennis- en ander vennootskappe	Formele, institusionele vennootskappe met burgerlike samelewingsorganisasies, plaaslike regerings of munisipaliteite, die Wes-Kaapse provinsiale regering, die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, die nasionale departemente van Verdediging en Militêre Veterane, kerke (Teologie), Elsenburg (AgriWetenskappe), ensovoorts. Hierdie vennootskappe word gewoonlik deur 'n formele memorandum van verstandhouding gerig.
kluster-hub	Studente wat nie in koshuise woon nie word in een van die tien wyke van die Privaatstudenteorganisasie ingedeel. Die wyke is saam met nabygeleë koshuise in ses klusters gegroepeer om studentegemeenskappe te vorm. Vir elke kluster word 'n hub gebou, waarvan twee reeds klaar is, naamlik amaMaties en Wimbledon. Só kan dagstudente dieselfde voordele as koshuisstudente geniet, soos ondersteuning deur mentors en 'n goed ingerigte plek om tussen klasse na toe te gaan.
Kuali	Kuali is 'n oopbronsagtewarepakket vir die administratiewe bestuur van hoëronderrisinstellings. Dit behels sagtewarestelle vir finansiële bestuur, navorsingsadministrasie, studentedienste, biblioteekbestuur, bedryfskontinuiteit en werksvloei. (www.kuali.org)
module	'n Module is 'n eenheid wat bestaan uit 'n stel klasse of lesings, seminare of praktiese sessies wat 'n onderdeel van 'n vak vorm.
nagraadse baccalaureusgrade	Baccalaureusgrade wat as tweede, gevorderde baccalaureus geneem kan word, byvoorbeeld BPhil en die twee- of driejarige LLB-graad. HonsB-grade is hierby uitgesluit.
omgekeerde klaskamer	Die omgekeerde klaskamer is 'n pedagogiese model waarin die tipiese lesing- en huiswerkelemente van 'n kursus omgeswaai word. Die term word algemeen gebruik om amper enige klasstruktuur te beskryf waar opgeneemde lesings voor klas as huiswerk gekyk word, opgevolg deur oefeninge in die klas. (<i>Educause</i> , February 2012)
parallelmediumonderrig	Onderrig word in aparte klasse in Afrikaans en in Engels aangebied. Modules wat so aangebied word, word met 'n A & E-spesifikasie in die Universiteit se Jaarboek aangedui.

30. VOORWAARDELIKE AANSPREKLIKHEDE

Die Universiteit waarborg 'n persentasie van die uitstaande bedrag ten opsigte van verbandlenings van kwalifiserende werknemers. Die maksimum blootstelling soos aan die jaareinde beloop R69 535 (2015: R135 775).

31. VERGELYKENDE SYFERS

Vanaf 2016 word privaat skenkings afsonderlik op die gesig van die gekonsolideerde inkomstestaat getoon. Die vergelykende syfers is aangepas om die skuif te reflekteer. Die uitwerking daarvan is soos volg:

Toename in Privaat skenkings	215 336
Afname in Privaat skenkings, toekennings en kontrakte (benaming aangepas na "Toekennings en kontrakte")	(215 336)

Fondse in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie word vanaf 2016 teen die billike markwaarde getoon. Dit was voorheen teen boekwaarde getoon. Die vergelykende syfers is aangepas om die verandering te reflekteer. Die uitwerking daarvan is soos volg:

Toename in Onbeperkte fondse	248 144
Toename in Beperkte fondse	1 191 018
Verdeling van Billike waarde reserwe na Onbeperkte en Beperkte Fondse	1 439 162

32. VORIGE JAAR AANPASSING

'n Jaarlikse balansering word gedoen tussen bates wat gekapitaliseer word en bates wat deur die jaar aangekoop is en bouprojekte wat in proses is. 'n Afsluitingsjoernaal word jaarliks geprosesseer tussen uitgawes en onvoltooide bouprojekte om dit te allokeer na eiendom, boeke en toerusting. Hierdie allokasie word aan die begin van die daaropvolgende jaar teruggestryf aangesien dit weer aan die einde van die volgende jaar in ag geneem word vir daardie jaar se allokasie van onvoltooide bouprojekte na eiendom, boeke en toerusting. Die 2015 terugskrywing van onvoltooide bouprojekte vir 2014 is eers in 2016 geprosesseer, met die gevolg dat uitgawes vir 2015 onderstateer was en eiendom, boeke en toerusting oorstateer was met die 2014 terugskrywing. Gevolglik moes die 2015 syfers aangepas word. Die uitwerking daarvan is soos volg:

Toename in Ander bedryfsuitgawes	347 600
Afname in Eiendom, boeke en toerusting	(347 600)

33. LOPENDE SAAK

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel op 'n lopende saak grondslag, aangesien die Raad elke rede het om te glo dat die Universiteit voldoende hulpbronne in plek het om aan te gaan met besigheid vir die volgende twaalf maande.

34. GEBEURE NA JAAREINDE

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

35. BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (BBSEB)

Die Universiteit meet sy BBSEB-status teen die generiese telkaart maatstawwe van die Departement van Handel en Nywerheid, met uitsluiting van die eienaarskap maatstawwe. Volgens die jongste beoordeling van die Universiteit se BBSEB status, wat in Mei 2016 gedoen is, het die Universiteit 'n telling van 58.78 behaal en daardeur 'n vlak 5-bydraerstatus verkry.

program	'n Kombinasie van modules waaruit 'n leerplan (kurrikulum) vir 'n graadkwalifikasie saamgestel word, byvoorbeeld BA, BEd, BIng, BRek, BSc. Ook bekend as leerprogram of studieprogram. Daar word onderskei tussen voorgraadse programme – die eerste universiteitskwalifikasie in 'n spesifieke rigting – en nagraadse programme – programme wat volg op die eerste kwalifikasie, byvoorbeeld nagraadse diploma-, honneurs-, magister- en doktorsgraadprogramme. Ons onderskei ook tussen 'n graadprogram, diplomaprogram en sertifikaatprogram.
samelewingsgerigte vakkundigheid	'n Wetenskaplike en samelewingsbenadering tot sosiale impak waardeur kapasiteit gebou word deur middel van transdissiplinêre samewerkende metodologieë.
sakemodel	'n Organisasie se sisteem waarvolgens dit sy sakeaktiwiteite in uitsette en uitkomste omsit met die oogmerk om aan die organisasie se strategiese doelwitte te voldoen en waarde te skep oor die kort, medium en lang termyn.
swart	In hierdie verslag word swart nie generies gebruik vir "swart, bruin en Indiër" nie, maar slegs vir swart (Afrikaan).
Taalbeleid en -plan	Beskikbaar by www.sun.ac.za/afrikaans/meer-oor/language .
tolking	Onderrig word in óf Afrikaans óf Engels aangebied en 'n tolk sal dan die les na die ander taal fluïstertolk. Die tolk gebruik 'n kop- of handmikrofoon en die student hoor die lesing deur oorfone.
Tegnologie-innovasieagentskap	TIA is 'n nasionale openbare entiteit wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie gefinansier word om die innovasiegaping tussen die navorsing en ontwikkeling van hoëronderriginstellings, wetenskapsrade, openbare entiteite en privaat sektor, en kommersialisering te oorbrug.
tegnologieopenbaarmaking	Die indiening van 'n uitvinding by die Tegnologie-lisensiëringskantoor. Dit behels 'n beskrywing van die uitvinding, 'n lys van die navorsing se borge en enige ander inligting nodig om beskermings- en kommersialiseringsaktiwiteite aan die gang te sit. Gepubliseerde tegnologieopenbaarmakings kan die verlening van soortgelyke patente in die toekoms verhoed – 'n strategiese stap in die bestuur van intellektuele eiendom.
Visie 2030	Die Universiteit, as 'n 21ste-eeuse instelling, speel 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing. Inklusiwiteit konsentreer op individue se talente en bydraes; innovasie handel oor die noodsaak om veral die uitdagings van 'n meer volhoubare toekoms kreatief die hoof te bied; studente en akademici wy hul energie aan die skep van die toekoms deur waagmoedige pogings om hedendaagse probleme en kwessies daadwerklik te hanteer; ontdekking geskied deurdat teorie en praktyk in die opvoedingsproses verweef word, en die Stellenbosch-ervaring lewer denkleiers op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien. Dit alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees. (US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018: 17)

BEREKENING VAN STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS		
STRA-TEGIESE PRIORITEIT	STRATEGIESE BESTUURSAANWYSER (SBA)	BEREKENING
Verbreed toegang	Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart en Indiërbevolkingsgroepe	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal studente wat by die US op die amptelike sensusdatum ingeskryf is (A). Bepaal die totale aantal studente uit die bruin, swart en Indiërbevolkingsgroepe wat op die amptelike sensusdatum by die US ingeskryf is (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit bruin, swart en Indiërbevolkingsgroepe	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) van die bruin, swart en Indiërbevolkingsgroepe in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van permanente vroulike personeel	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde vrouepersoneellede (slegs primêre aanstellings) in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels aan PARALLELE klasgroepe aangebied word ⁴	Tel die krediete van die module aangebied in Afrikaans en Engels aan PARALLELE klasgroepe bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van al die modules bymekaar, uitsluitende die NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B) × 100.

BEREKENING VAN STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS Vervolg		
STRA-TEGIESE PRIORITEIT	STRATEGIESE BESTUURSAANWYSER (SBA)	BEREKENING
Behou momentum van uitnemendheid	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans én Engels in DIESELFDE klasgroep aangebied word ⁴	Tel die krediete van die modules aangebied in SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van al die modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B) × 100.
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in ENKEL-TAAL óf Afrikaans óf Engels aangebied word ⁴	Tel die krediete van die modules aangebied in SLEGS Afrikaans of Engels aan 'n klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van al die modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B) × 100.
	Persentasieaandeel permanente gedoktoreerde onderrig- en navorsingspersoneel	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde onderrig- en navorsingspersoneel op die amptelike sensusdatum (A). Bepaal die totale aantal permanent aangestelde onderrig- en navorsingspersoneel met doktors kwalifikasie op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Die verhouding geweege navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal meestersgrade toegeken (A), asook die aantal geakkrediteerde publikasie-eenhede geproduseer deur die US (B). Vir dieselfde akademiese jaar, bepaal die aantal doktors kwalifikasies toegeken (C), asook die aantal VE-CI-personeellede (D). Bereken die SBA as $[1 \times (A+B) + 3 \times (C)]$ gedeel deur D.
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgraadse en nagraadse studente (%)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal voltyds-ekwivalente studente (A). Bepaal dan die aantal voltyds-ekwivalente-gradiekrediete vir dieselfde jaar (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Bevorder impak op samelewing	Die verhouding voltyds-ekwivalente studente, geweege met studievlak, per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel
Persentasieaandeel van derde geldstroom ¹ in US se totale inkomste ² (%)		Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale derde stroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
Persentasieaandeel van vierde geldstroom in US se totale inkomste ² (%)		Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale vierde stroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A). Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale vierde stroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding nie uit hoofbegroting bekostig ³ (%)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale personeelvergoeding (A). Bepaal dan die totale personeelvergoeding wat nie uit die hoofbegroting bekostig word nie (B). Bereken die SBA as (A - B) gedeel deur (A).

Notas

- Derde geldstroom uitgesluit opbrengs op beleggings en gerealiseerde wins by die vervreemding van bates.
- Totale inkomste uitgesluit opbrengs op beleggings en gerealiseerde wins by die vervreemding van bates.
- Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy finansies om te verseker dat die Universiteit as 'n lopende saak in hoër onderwys voortbestaan. Fondse kan beperk of onbeperk wees. Beperkte fondse bestaan uit bedryfsfondse, lenings, skenkings en vastebatefondse waaraan spesifieke voorwaardes vir hul aanwending verbode is. Onbeperkte fondse kan deur die Raad volgens sy eie oordeel aangewend word. In die poel van onbeperkte fondse is fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is en daarom nie vir ander oogmerke aangewend kan word nie. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die teikens, wat vir 2017 tot 2022 gestel is, beïnvloed.
- Hierdie SBA's is nuwe aanwysers en vervang die twee voriges aangaande die medium van onderrig.